

HOOFSTUK 9

GEMEENSKAPSKORREKSIES

9.1 Inleiding

Die soeke na alternatiewe vir gevangenisstraf is een van die hoofredes vir hierdie ondersoek. Davids (1993 : xvii) vra egter die vraag, “Could we punish criminals without sending them to prison? Om hierdie vraag te beantwoord sal verskeie rolspelers se siening verkry moet word. Die belangrikste rolspeler in dié geval sal die gemeenskap wees. Die oortreder het ’n misdaad (in die gemeenskap) gepleeg en nou wil die owerheid hê dat hierdie oortreder sy straf binne dieselfde gemeenskap moet uitdien.

Wat sal moet plaasvind is kommunikasie tussen owerheid en gemeenskap. Dit moet baie duidelik gestel word dat die oortreder steeds gestraf word vir sy misdaad. Hy word dus nie vrygespreek na skuldigbevinding nie, hy word net nie tot gevangenisstraf gevonnissen nie. Hierdie boodskap moet baie duidelik wees. Wanneer die oortreder bv. gemeenskapsdiens verrig, sal die gemeenskap kan sien dat hy ’n straf uitdien, al is dit buite die gevangenis.

Vass (1990 : xi) sê dat: “Community Corrections is an attempt to punish offenders in the community instead of sending them to prison. It is a critical appraisal of alternatives to custody.” Gemeenskapskorreksies is baie goedkoper as aanhouding in ’n gevangenis, dit is beslis ’n straf want die oortreder is nie “vry” om te doen wat hy wil nie en herinskakeling vind makliker plaas aangesien die oortreder nie totaal verwyder is uit die gemeenskap nie.

Daarinteen veroorsaak gevangenisstraf totale verwydering uit die gemeenskap, dit is baie duur en oorbevolking binne hierdie gevangnisse veroorsaak aanhouding onder onmenswaardige omstandighede wat die terugkeer na die gemeenskap baie moeilik maak. Die grootste probleem met gevangenisstraf is die feit dat dit ’n tydelike maatreël is. Minister Ben Skosana (DKD) het op 1 Oktober 2003 tydens ’n

herinskakelings-simposium tussen Korrektiewe Dienste en Nimro gesê: “Imprisonment itself is a temporary mechanism for restricting individuals from committing further offences, and preventing them from providing for their families for a while until they are released from prison to face the very same problem of family responsibilities.”

Dit is weer die alomteenwoordige oorbevolkingsprobleem wat veroorsaak het dat iets gedoen moes word om minder gevangenes in aanhouding te hê. Reeds in 1981 het die Minister van Justisie die Krügelkomitee aangestel om oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangnisse te ondersoek (Neser, 1993 : 417). Die resultaat was dat wetswysigings vir die oplegging en uitvoering van korrektiewe toesig in die Strafproseswet (wet 51 van 1977) en die Wet op Gevangnisse (wet 8 van 1959) gedurende 1991 in die parlement goedgekeur is.

Met hierdie nuwe wetgewing is dit nou moontlik om 'n straf uit te dien buite die gevangenis en mense wat kennis het van die binnekant van 'n gevangenis sal saamstem dat hierdie konsep (korrektiewe toesig) lank gelede reeds geïmplementeer moes gewees het in Suid-Afrika. Lucas Muntingh (2000 : 88) van Nimro sê: “It is known that imprisonment per se does not rehabilitate people nor does it facilitate the ultimate goal of reintegration. It contributes to the formation of a prison sub-culture within an environment where social relations are based on survival, violence and hierarchy.”

Terwyl mense geleer word om binne die norme en waardes van die gemeenskap te lewe is daar tog dié wat hierdie reëls oortree en daar teen hulle opgetree word. Baie oortreders hoort nie regtig in die gevangenis vir dit wat hulle verkeerd gedoen het nie, veral die wat geen of min kans bied om weer misdaad te pleeg. Korrektiewe Dienste se hoofdoel bly rehabilitasie en misdaadvoorkoming, maar oorvol gevangnisse veroorsaak dat daar nie regtig by hierdie mikpunt uitgekom word nie en in baie gevalle word meer kwaad as goed aangeleer binne 'n gevangenis wat onhanteerbaar vol is. Prof. Charl Cilliers (Nexus, April 1992 : 23) sê dat: “Daar bestaan 'n gebrek aan skakeling tussen gevangenis as middel en die rehabilitasie van gevangenes as die doel van vonnisoplegging. Die moontlikheid bestaan ook dat aangehoudenes binne die gevangenisopset verder gekriminaliseer kan word.” Dit is

alles redes waarom daar gesoek moet word na alternatiewe vir gevangenisstraf. Korrektiewe toesig kan op twee maniere aangewend word om oorbevolking te help bekamp. Eerstens kan dit as 'n strafvorm gebruik word in die plek van gevangenisstraf en tweedens kan parooltoesig gebruik word om gevangenes wat voor verstryking van die totale vonnis op parool vrygelaat word, te monitor en hulle dus die kans gee om die laaste gedeelte van hulle vonnis in die gemeenskap uit te dien ten einde herinskakeling te vergemaklik en ook residivisme te help voorkom.

Rehabilitasie as strafoogmerk kom dus sterk na vore by korrektiewe toesig as vonnisopsie. Vervolgens word gekyk na wat korrektiewe toesig werklik is, waar dit vandaan kom en hoe dit in Suid-Afrika toegepas word. Die hoofstuk word afgesluit met 'n bespreking oor die nuwe vrylatingsbeleid sowel as die werking van die Korrektiewe Toesig- en Paroolrade.

9.2 **Waar kom gemeenskapskorreksies vandaan?**

Voor daar gekyk word na waar hierdie konsep vandaan kom, moet daar eers gekyk word na wat met gemeenskapskorreksies bedoel word. Volgens die HAT (Odendal, 1984 : 265) kan 'n gemeenskap omskryf word as 'n aantal individue (mense) wat 'n saamhorige groep vorm; Deel hê aan iets saam met 'n ander. Korreksies word weer omskryf as 'n handeling om te verbeter, te korrigeer; verbetering van 'n fout (Odendal, 1984 : 607).

Vanuit 'n penologiese perspektief beteken gemeenskapskorreksies dus die verbetering van die gedrag van 'n misdadiger terwyl hy steeds deel vorm van die gemeenskap. In die praktyk word verwys na korrektiewe toesig as strafvorm. Dit behels aspekte soos huisarres, gemeenskapsdiens, monitering, deurloping van ontwikkelingsprogramme ens. 'n Hof kan korrektiewe toesig oplê as 'n vonnis by skuldigbevinding van 'n oortreder of gevangenisstraf wat later omskep kan word in korrektiewe toesig. Parooltoesig vorm ook deel van hierdie konsep aangesien gevangenes op parool vrygelaat word, maar steeds onder toesig van 'n paroolbeampte geplaas word. Ook ongevonniste gevangenes kan onder korrektiewe

toesig geplaas word tot sy volgende hofverskyning. Die wetlike aspekte van hierdie vonnisopsies word in paragraaf 9.3 (p317) bespreek.

Dit is dus duidelik dat gemeenskapskorreksies gemik is op die uitdiening van straf in die gemeenskap en beslis ook goed gebruik kan word as alternatief vir gevangenisstraf (gevonnis en ongevonniste gevangenes). Die hoofdoel met hierdie opsie is om oorbevolking in gevangnisse te bekamp en sodoende te verseker dat dié gevangenes wat wel in 'n gevangenis aangehou moet word, onder beter omstandighede aangehou word ten einde rehabilitasie binne die gevangenis te laat slaag.

Haas (1986 : 413) sê dat: "Criminals can be corrected in the community, which produced them in the first place, and to which they must eventually return." Gemeenskapgebaseerde vonnisse is in Suid-Afrika, net soos in baie ander lande, tot stand gebring om rehabilitasie en misdaadvoorkoming te bewerkstellig. Die omstandighede in oorvol gevangnisse kan onmoontlik nie gunstig wees om gevangenes se gedrag so te verander dat hulle produktiewe en wetsgehoorsame burgers na vrylating sal wees nie. Daar is geen manier om mense te rehabiliteer, bloot net deur hulle in 'n gevangenis aan te hou nie. Gevangenes moet ontwikkel word, programme moet aangebied word en lede moet 'n noue band vorm met gevangenes om vertroue te bewerkstellig en dan eers kan begin word met sinvolle rehabilitasie van oortreders. Met korrektiewe toesig word daar gepoog om hierdie funksies in die gemeenskap toe te pas.

Korrektiewe toesig in Suid-Afrika is gebaseer op die Georgia-model. In die Staat, Georgia in die VSA was oorbevolking van gevangnisse ook 'n groot probleem en het korrektiewe toesig as plaasvervanger vir gevangenisstraf groot welslae behaal. Vervolgens word kortliks gekyk word na die Georgia-model en ook die Suid-Afrikaanse model wat daaruit voortgevloei het.

9.2.1 Die Georgia-model

In die staat, Georgia (VSA) is daar ook besef dat die bou van meer en beter gevangnisse beslis nie die oorbevolkingsprobleem gaan oplos nie. Verskeie

alternatiewe vonnisopsies is in werking gestel en dit het groot welslae behaal, soveel so dat die Departement Korrektiewe Dienste in 1987 met die "Ford Foundation" se jaarlikse toekenning vir "Innovations in state and local goverment" bekroon is (Neser, 1993 : 428).

Die alternatiewe vonnisopsies binne die Georgia-model sluit die volgende in;

- Basiese korrektiewe toesig : Onder hierdie opsie kom die meeste toesiggevalle voor. Hulle word geklas in die verskillend risiko-groepe om die graad van toesig te bepaal. Korrektiewe toesigbeamptes doen die monitering van hierdie toesiggevalle,
- Gemeenskapsdiens : Hierdie opsie is baie gewild en dien as voorwaarde vir korrektiewe toesig. Binne die Georgia-model word hierdie vonnisopsie veral onder voorwaardeverbrekers gebruik. Werk word in die gemeenskap (sonder vergoeding) gedoen en daardeur word baie geld gespaar,
- Intensiewe Korrektiewe Toesig : Hierdie program is gedurende 1982 in Georgia geïmplementeer. Streng voorwaardes word gestel aangesien meer ernstige oortreders hier ter sprake is. Na ongeveer 12 maande word die oortreder onder basiese korrektiewe toesig geplaas,
- Afwendingsentrums : By hierdie opsie behou die oortreder sy werk , maar moet hy betaal vir sy verblyf. Hy word gereeld getoets vir die gebruik van dwelms en alkohol. Na vier tot vyf maande word hy ontslaan uit

- hierdie sentrum en onder basiese korrektiewe toesig geplaas,
- Aanhoudingsentrums : Hier word veral voorwaardeverbrekers gehuisves vir tussen 60 en 120 dae. Rehabilitasieprogramme word ook gedurende die aand aangebied, en
 - Spesiale alternatiewe aanhouding : Slegs manlike oortreders tussen die ouderdom van 17 tot 25 word by hierdie opsie betrek. Dit is fisiese oefeninge wat hier toegepas word om die oortreder tot ander insigte te laat kom.

Die rasionaal agter die Georgia-model was die skepping van gemeenskapgebaseerde vonnisse as gevolg van;

- gevangenisoorbevolking en
- swak aanhoudingsfasilitiete.

Fields (1994 : 11) waarsku egter deur te sê dat: “We often discuss the problem of institutional overcrowding but neglect to mention the crowding problems of Community Corrections.”

Al meer gevalle word onder korrektiewe toesig geplaas om oorbevolking in gevangnisse te verlig. Binne die Suid-Afrikaanse model sal daar dus gekyk moet word na 'n balans tussen gevangenisstraf en korrektiewe toesig ten einde nie die een ten koste van die ander as vonnisopsie te gebruik nie.

9.2.2 Die Suid-Afrikaanse model

In Suid-Afrika is oorbevolking van gevangnisse net so 'n groot probleem en dit was die hoofdoel van korrektiewe toesig in Suid-Afrika, die verligting van oorbevolking.

Die Georgia-model het baie goed gewerk in Amerika, maar dit is gevaarlik om 'n oorsese konsep net so van toepassing te maak in 'n land soos Suid-Afrika waar daar baie verskillende nasionaliteite en kulture aangetref word. Om gemeenskapgebaseerde vonnisse soos korrektiewe toesig in Suid-Afrika te laat werk, was verskeie aanpassings nodig om rehabilitasie te bewerkstellig, residivisme te verlaag, misdaadvoorkomend op te tree en steeds ook die gemeenskap te beskerm.

Prof. Charl Cilliers (Nexus, April 1992 : 24) sê dat ons onself eers 'n paar vrae moet afvra oor die toepassing van die Georgia-model in Suid-Afrika;

- is die oortreder-samestelling van die betrokke jurisdiksie dieselfde as dié in Georgia?
- kan dieselfde moontlikhede geskep word vir korrektiewe toesig soos in Georgia?
- is die residivisme-syfer dieselfde as in Georgia? en
- dien die Georgia-model werklik as 'n afskrikmiddel vir oortreders in 'n ander jurisdiksie?

'n Taakspan is saamgestel om alternatiewe vonnisopsies te ondersoek en ook wetgewing daar te stel wat korrektiewe toesig in Suid-Afrika kan reël. Op 6 Mei 1991 word die naam van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens verander na die Departement van Korrektiewe Dienste. Die nuwe naam het dan ook beter gepas by die breër visie en missie wat korrektiewe toesig moes insluit.

'n Implementeringskomitee is ook in die lewe geroep om hierdie nuwe konsep te implementeer. Tussen 15 Augustus 1991 en 1 Junie 1993 is korrektiewe toesig landwyd geïmplementeer. Korrektiewe toesig is 'n gemeenskapgebaseerde vonnisopsie wat deur howe opgelê kan word. Dit word onder streng toesig en beheer uitgedien in die gemeenskap. Monitering vind plaas deur korrektiewe toesigbeamptes wat die toesiggevalle gereeld besoek. Hierdie vonnisopsie maak 'n groot verskil al sê kritici dat korrektiewe toesig nie regtig oorbevolking help nie aangesien gevangenissteeds oorvol is. Op 30 April 2004 was daar ongeveer 75 000 toesiggevalle binne die stelsel. Indien hierdie aantal gevalle ook nog in

gevangenis aangehou moes word, sou die gevangenisbevolking op ongeveer 260000 gestaan het.*

Neser (1993 : 430) noem dat daar vyf voorvereistes is vir suksesvolle korrektiewe toesig;

- gemeenskapbetrokkenheid en aanvaarding van die stelsel,
- hoewe moet vertrouwe in die stelsel hê,
- gemeenskapstabiliteit,
- beskikbaarheid van werk, en
- die stelsel moet voldoen aan internasionale standaarde.

Uit bogenoemde is dit baie duidelik dat die gemeenskap hierdie vonnisopsie moet aanvaar. Korrektiewe Dienste moet dus goeie bemarking doen om die gemeenskap in te lig oor waar korrektiewe toesig vandaan kom en hoe dit tot voordeel van die gemeenskap, die owerheid en die oortreder in Suid-Afrika gebruik kan word. Tweedens moet die hoewe oortuig word om korrektiewe toesig as vonnisopsie te gebruik. Ook hier moet Korrektiewe Dienste 'n deurslaggewende rol speel aangesien oorbevolking slegs verlig kan word indien voorsittende beamptes hierdie vonnisopsie gebruik, in plaas van gevangenisstraf. Laastens moet die gemeenskap waar korrektiewe toesig gebruik word, stabiel wees. Gemeenskappe waar dit uiters gevaarlik sal wees vir korrektiewe toesigbeamptes om monitering te doen sal dus nie geskik wees vir uitvoering van hierdie vonnisopsie nie. Die werkloosheid in Suid-Afrika kan bydra tot 'n onstabiele gemeenskap en dit skep ook probleme met die toepassing van korrektiewe toesig aangesien werkloosheid ledigheid kan veroorsaak wat weer tot negatiewe gedrag kan lei.

In die aanvanklike Suid-Afrikaanse model bestaan korrektiewe toesig uit ses elemente, nl;

- huisarres,
- kontrolering/monitering,

*- Statistiek verkry vanaf die kantoor van die Inspekterende Regter

- gemeenskapsdiens,
- programme,
- slagoffervergoeding, en
- vergoedende betalings.

In Suid-Afrika kom die laaste twee elemente nog nie tot sy reg nie en dit is een van die redes waarom die gemeenskap nog twyfel oor die strafelement in hierdie vonnisopsie. Wat wel tans gebeur is dat 'n oortreder bv. R10 000 se bedrog by 'n instansie gepleeg het en na skuldigbevinding gevonnissig word tot twee jaar korrektiewe toesig en ook die R10 000 moet terugbetaal aan die instansie. In die opsig kom die strafelement sterker na vore, maar in gevalle waar bv. liggaamlike leed aangedoen is, kom kompensasie aan die slagoffer nog nie tot sy reg nie.

Oor die algemeen word korrektiewe toesig aanvaar as 'n vonnisopsie wat straf, maar ook die negatiewe aanhoudingsomstandighede binne 'n gevangenis vermy. Alhoewel die oortreder 'n vonnis uitdien, behou hy sy familie- en sosiale bande en dit help ook om te rehabiliteer.

Dit word algemeen aanvaar dat rehabilitasie baie beter bewerkstellig kan word in die gemeenskap as in die gevangenis. Clear (1983 : 13) sê in dié verband: "Like other penal sanctions established by the criminal law, community supervision must be considered a punishment. Whether it is seen as lenient or severe, it restricts freedom and makes certain offender behaviors compulsory."

Die hele filosofie agter korrektiewe toesig is dat dit die oortreder straf deur sy vrye tyd weg te neem en ook sy bewegingsvryheid aan bande te lê. Daarteenoor bly hy in die gemeenskap en kos dit die belastingbetaler ook baie minder om 'n toesiggeval te hanteer teenoor die per kapita koste van 'n gevangene wat in die gevangenis aangehou word.

Terblanche (Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Strafrechtspleging, Volume 5, nommer 1, 1992 : 255) sê dan tereg: "Die oortreder oortree in die gemeenskap en dit is daarom aangewese dat die gemeenskap meer direk gemoeid raak met die misdadprobleem. Deur korrektiewe toesig word dit nie alleen moontlik gemaak nie, maar die

gemeenskap word ook direk bevoordeel deur maatreëls soos gemeenskapsdiens en die versoening van strydende partye.”

In die Nexus (Junie 1994 : 29) vertel 'n korrektiewe toesiggeval hoe hy sy vonnis van ses maande korrektiewe toesig beleef het. Hy sê die eerste paar weke was hel vir hom. Veral tydens gemeenskapsdiens het hy baie verneder gevoel. Gelukkig het hy baie goeie ondersteuning van sy familie gekry en dit het hom deurgedra. Hy het ook groot lof vir die wyse waarop die korrektiewe toesigbeamptes hom hanteer het. Hy sluit af deur te sê: “Baie dankie vir die manier waarop julle my gehelp het om weer die werklikheid in die oë te staar.” Hierdie is maar een van die vele suksesverhale. 'n Mens kan jouself indink hoe hierdie verhaal sou geklink het indien die oortreder ses maande gevangenisstraf opgelê sou gewees het.

Binne die Suid-Afrikaanse model word ook voorsiening gemaak vir parooltoesig. Voorheen is 'n gevangene op parool vrygelaat sonder enige verdere bemoeienis van die kant van Korrektiewe Dienste.

Met parooltoesig is die parolee na vrylating uit die gevangenis steeds onder toesig van die parooltoesigbeampte om sodoende hom verder by te staan met sy herinskakeling in die gemeenskap.

Parooltoesig het ook ten doel om misdaad teen te werk en sodoende die gemeenskap te beskerm. Met parooltoesig kom Korrektiewe Dienste sy plig teenoor die Staat, die gemeenskap en die geparoleerde na.

Bo en behalwe korrektiewe- en parooltoesig maak artikel 62(f) van die Strafproseswet (wet 51 van 1977) ook nog voorsiening vir toesig oor verhoorafwagende gevangenes om oorbevolking van hierdie kategorie gevangenes ook te hlep verlig.

Tans is daar 196 operasionele korrektiewe toesigkantore landwyd wat hierdie funksies vervul. Die 75 000 toesiggevalle bestaan uit 26 400 korrektiewe toesiggevalle en 48 600 parooltoesiggevalle (31 Augustus 2003).

Vervolgens gekyk word na die wetlike aspekte wat korrektiewe toesig in Suid-Afrika reël.

9.3 Wetgewing rakende Gemeenskapskorreksies

Gevangenisstraf word in 'n gevangenis uitgedien en korrektiewe toesig in die gemeenskap. Om korrektiewe toesig dus te laat slaag is die betrokkenheid van die gemeenskap van uiterste belang. Korrektiewe Dienste moet “vennote” hê om misdaad te help voorkom. Daar bestaan geen manier waarop gevangenes in 'n gevangenis opgesluit kan word en na vrylating ten volle gerehabiliteer is nie. Dit is dan juis een van die groot redes waarom daar die afgelope aantal jare gekyk word na alternatiewe vir gevangenisstraf. Dit is alom bekend dat rehabilitasie met groter sukses in die gemeenskap toegepas kan word, maar dan moet die gemeenskap help om hierdie gemeenskaplike doel (rehabilitasie) te bereik.

Korrektiewe toesig as vonnisopsie, parooltoesig vir vrygelate gevangenes en toesig oor verhoorafwagende gevangenes is die drie hoofpilare van gemeenskapskorreksies. Om hierdie funksies te vervul moes Korrektiewe Dienste reeds verskeie veranderings ondergaan ten einde sy mandaat uit te voer. Van die mees ingrypende wetswysigings in die geskiedenis van Korrektiewe Dienste sluit die volgende in (Neser, 1993 : 424);

- die afskaffing van die sentrale vrylatingsraad,
- die afwenteling van hierdie raad se funksies na die inrigtingskomitee,
- die gepaardgaande wysiging van die samestelling van die inrigtingskomitee's,
- die instelling van korrektiewe rade, en
- die vervanging van die vrylatingsadviesraad met 'n nasionale adviesraad oor Korrektiewe Dienste.

Suid-Afrika was vir dekades gewoond aan gevangenisstraf vir misdaad. Dit het dus aanpassing gekos om gemeenskapgebaseerde vonnisse op te lê en ten uitvoer te stel. In die Nexus (November 1995 : 24) skryf Bheki Ndebele: “Until recently, alternative forms of punishment have only been used on a small scale in South Africa. However, since the beginning of the eighties, community-based forms of punishment and the placement of these alternatives on the statute books, have been researched.”

Die Wysigingswet op aangeleenthede rakende Korrektiewe Dienste (wet 122 van 1991) het korrektiewe toesig statutêr neergelê in Suid-Afrika. Verder maak die Strafproseswet (wet 51 van 1977), die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) en die Korrektiewe Dienste Regulasies voorsiening vir die reël van hierdie gemeenskapgebaseerde vonnisopsie. Parooltoesig en die gepaardgaande vrylatingsbeleid waarby die gevallebestuurskomitee en die Korrektiewe toesig- en Paroolrade betrokke is, word in paragraaf 9.6 (p328) van hierdie hoofstuk bespreek. Oorbevolking van gevangnisse is 'n probleem wat wêreldwyd ondervind word. Suid-Afrika is ook nie 'n uitsondering nie en gevolglik is dit baie moeilik om gevangenes op menswaardige wyse aan te hou wanneer daar eenvoudig net nie genoeg plek is om al die oortreders wat na die gevangenis verwys word, te akkommodeer nie.

Korrektiewe toesig dien as 'n teenvoeter vir oorvol gevangnisse en gevolglik help dit ook om aanhoudingsomstandighede binne gevangnisse te verbeter. Artikel 276(1)(h) van die Strafproseswet (wet 51 van 1977) reël die oplegging van korrektiewe toesig as strafvorm en a 276(1)(i) van dieselfde Wet reël die oplegging van gevangenisstraf wat omskep kan word na korrektiewe toesig na voltooiing van 'n gedeelte van die gevangenisstraf.

Straf sal slegs onder a 276(1)(h) opgelê word nadat 'n verslag vanaf 'n proefbeampte of korrektiewe beampte voor die hof gebring is en slegs vir 'n vasgestelde periode wat nie drie jaar oorskry nie.

Straf sal slegs onder a 276(1)(i) opgelê word as die hof daarvan oortuig is dat gevangenisstraf 'n gepaste vonnis is, met of sonder die keuse van 'n boete en vir 'n tydperk wat nie vyf jaar oorskry nie (Rabie en Strauss, 1994 : 192).

Volgens Hiemstra (2002 : 696) is die bepaling van a 276 ondergeskik aan die strafbepaling wat in ander wette voorkom. Die huidige posisie ten opsigte van boetes en korrektiewe toesig is dat die betrokke Wet spesifiek daarna moet verwys voordat dit vir statutêre misdade opgelê kan word.

Artikel 50 tot 72 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) bepaal die uitdiening van korrektiewe toesig. Artikel 52 van hierdie Wet bepaal die voorwaardes wat gestel word aan 'n persoon onder korrektiewe toesig;

- (a) onder huisarres geplaas word,
- (b) gemeenskapsdiens doen,
- (c) werk soek,
- (d) werk aanvaar en in diens bly,
- (e) vergoeding of skade betaal aan slagoffer(s),
- (f) deelneem aan behandelings-, ontwikkelings- en ondersteuningsprogramme,
- (g) deelneem aan bemiddeling tussen slagoffer en oortreder of aan familiegroepbehandeling,
- (h) finansiël bydra tot die koste van die gemeenskapskorreksies waaraan hy onderworpe is,
- (i) beperk word tot een of meer landdrosdistrikte,
- (j) by 'n vaste adres woon,
- (k) homself daarvan weerhou om alkohol of verdowingsmiddels te gebruik of te misbruik,
- (l) homself daarvan weerhou om kriminele oortredings te begaan,
- (m) homself daarvan weerhou om 'n spesifieke plek te besoek,
- (n) homself daarvan te weerhou om in verbinding te tree met 'n spesifieke persoon of persone,
- (o) homself daarvan te weerhou om 'n spesifieke persoon of persone te dreig deur woord of daad,
- (p) onderwerp word aan monitering, en
- (q) in die geval van 'n kind, onderworpe is aan bykomende voorwaardes soos vervat in a 70 van hierdie Wet.

Korrektiewe toesiggevalle is onder toesig van korrektiewe beamptes vir die volle duur van hulle vonnis (a 57). By elke gemeenskapskorreksies-kantoor moet 'n Toesigkomitee wees wat soos voorgeskryf, saamgestel is uit korrektiewe beamptes betrokke by die toesig van persone onderworpe aan korrektiewe toesig (a 58).

Artikel 70 bepaal dat daar soos volg gehandel kan word met 'n persoon wat nie voldoen aan enige aspek van die voorwaardes wat gestel is by die oplegging van korrektiewe toesig nie;

- (a) die persoon berispe,
- (b) die persoon beveel om voor die hof, Korrektiewe Toesig- en Paroolraad of enige ander liggaam wat gemeenskapskorreksies opgelê het, te verskyn, of
- (c) 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van sodanige persoon uitreik.

Korrektiewe Dienste Regulasie 27 en 28 bepaal onderskeidelik toesig oor gevalle onder korrektiewe toesig en monitering van hierdie toesiggevalle.

Dit is duidelik dat korrektiewe toesig as strafvorm nie as 'n "ligte" straf gesien moet word nie. Dit word wel buite die gevangenis uitgedien, maar oor die langtermyn kan baie beter resultate behaal word as wat die geval is met die uitdienting van gevangenisstraf. In dié verband sê Eldefonso (1974 : 339): "Disenchantment with imprisonment as a corrective measure, however, seems to have led to a less than critical acceptance of non-institutional alternatives as more effective."

'n Baie belangrike aspek, net soos in die geval van 'n korrektiewe beampte werksaam in die gevangenis, is die tipe lid wat benodig word by korrektiewe toesigkantore. Rehabilitasie van oortreders is nog steeds die nommer een prioriteit en dus sal korrektiewe beamptes werksaam by hierdie afdeling van Korrektiewe Dienste ook vaardighede geleer moet word om sinvolle rehabilitasie toe te pas ten opsigte van oortreders wat hulle vonnisse in die gemeenskap uitdien. De Villiers (Nexus, 1991 : 30) sê: "The selection of personnel to act as correctional officers will be aimed at personnel who have qualifications in the behavioural sciences such as Criminology, Psychology, Social Work and Penology."

Net soos met korrektiewe toesig, word parooltoesig ook aangewend om die oortreder wat reeds uit die gevangenis ontslaan is te help om aan te pas in die gemeenskap. Die parooltoesigbeamptes moniteer ook hierdie kategorie toesiggevalle en wel ook onder maksimum, medium en minimum klassifikasie. Die aantal besoeke per maand word bepaal deur die groep waarin die toesiggeval geklas is. Die voorskrifte wat parooltoesig reël is hoofsaaklik gesetel in die werksaamhede van die Korrektiewe Toesig en Paroolrade wat op 1 Oktober 2004 inwerking getree het. Die werking van hierdie rade sowel as die nuutste vrylatingsbeleid sal in paragraaf 9.6.3 (p336) van hierdie hoofstuk in detail bespreek word.

Laastens word gekyk na die wetlike aspekte rondom verhoorafwagtendes wat onder korrektiewe toesig hulle volgende verhoor afwag. Artikel 60 van die Strafproseswet (wet 51 van 1977) bepaal borgaansoeke. In hierdie artikel word met borg bedoel, die deponering van geld om verdere teenwoordigheid by verhore te verseker. As gevolg van die radikale wysigings aan artikel 60 in 1995 en 1997 is die wisselwerking tussen artikel 60 en artikel 62 versteur aangesien a 60 die bedrag geld bepaal het terwyl a 62 addisionele borgvoorwaardes gestel het.

Artikel 62 (f) is vir Korrektiewe Dienste van belang aangesien 'n beskuldigde in plaas van na die gevangenis gestuur word om sy volgende verhoor af te wag, nou ook onder korrektiewe toesig of onder toesig van 'n proefbeampte geplaas kan word tot sy volgende verhoor. Die oorbevolkingsprobleem met verhoorafwagtende gevangenes kan hierdeur aangespreek word, dit moet net gebruik word deur die houe.

Korrektiewe Dienste het 'n skrywe ontvang (1/2/1/1 gedateer 1 Oktober 2002) waarin opdrag gegee is dat by elke bestuursarea 'n lid identifiseer moet word om by die hof te gaan werk om spesifiek behulpsaam te wees met die hantering van artikel 62(f) gevalle. By navraag by die Korrektiewe toesigkantoor, Worcester, is die navorser meegedeel dat hierdie opsie [oplê van korrektiewe toesig ingevolge a 62(f)] glad nie tot sy reg kom nie. Dit bewys maar net weer dat die wetgewing om oorbevolking te bekamp reeds in plek is, maar nie deurgaans toegepas word nie. Al is dit 'n klein persentasie beskuldigdes wat kwalifiseer om hulle verhoor onder korrektiewe toesig af te wag, moet alle pogings aangewend word om oorbevolking en die gepaardgaande swak aanhoudingsomstandighede in gevangnisse te verbeter. Die navorser voel baie sterk oor die feit dat oorbevolking werklik verlig kan word indien die huidige wetgewing tot die letter uitgevoer word deur al die rolspelers binne die regsplegingstelsel. "Saam kan daar 'n verskil gemaak word."

9.4 **Gemeenskapsdiens**

Gemeenskapsdiens is gewoonlik een van die voorwaardes wat gestel word by die oplegging van korrektiewe toesig. Dit vorm ook deel van die strafgedeelte van 'n

gemeenskapgebaseerde vonnis. Dit sal egter geen doel dien om bv. net huisarres as voorwaarde vir korrektiewe toetsing te stel nie. In die eerste plek moet die gemeenskap kan sien dat die toetsinggeval 'n straf uitdien. Gemeenskapsdiens is 'n praktiese toepassing hiervan aangesien dit eerstens opsigtelik is en tweedens arbeidsintensief is. Die oortreder moet teruggee aan die gemeenskap en gemeenskapsdiens kan baie nuttig gebruik word om die oortreder sy "skuld aan die gemeenskap" te laat betaal. Die toetsinggeval lewer dus 'n gratis diens aan die gemeenskap en daardeur kan plaaslike owerhede ook baie geld spaar aan arbeid wat die grootste uitgawe van enige organisasie is.

Hierdie diens kan ook tot voordeel van die toetsinggeval wees aangesien hy vaardighede kan aanleer wat hy nuttig kan gebruik na sy vrylating uit die stelsel. Dit kan vir hom 'n permanente werk, of beter werk, beteken wat op sy beurt beter versorging van die gesin kan beteken. Toetsinggevalle is uit die gemeenskap en terug na die gemeenskap na vrylating en daarom is dit ook die gemeenskap se plig om toe te sien dat die toetsinggeval weer aanpas na vrylating uit die stelsel aangesien dit ook tot hulle voordeel sal wees omrede die pleeg van verdere misdaad as gevolg van verwerping maar net weer tot die nadeel van dieselfde gemeenskap wat hom verwerp het, sal wees.

Gemeenskapsdiens moet verkieslik in die gemeenskap waar die oortreder woon, verrig word. Die vergeldingselement van straf behoort die gemeenskap tevrede te stel deur middel van die lewering van hierdie gratis diens. Die gemeenskap moet dus daardeur kan sien dat die oortreder besig is om 'n straf uit te dien.

Daar moet ook gekyk word na watter tipe take tydens gemeenskapsdiens verrig moet word. In die verband sê Ndebele (Nexus, 1996 : 11) die volgende: "Community service must be of such a nature that it is in the interest of the broader community such as working at hospitals, old age homes, nature conservation projects, cleaning public places, etc." Enige organisasie met 'n gemeenskapsbelang kwalifiseer dus om oortreders in gemeenskapsdiens te plaas.

Volgens Rabie en Strauss (1994 : 281) kan gemeenskapsdiens ook vir meer ernstige oortreders opgelê word. Dit is nie net vir geringe oortredings en eerste oortreders nie. In baie lande word gemeenskapsdiens as 'n vonnis opgelê en nie net as voorwaarde

by die oplegging van korrektiewe toesig nie. Ook in Suid-Afrika word gemeenskapsdiens as vonnis opgelê en wel volgens Artikel 297(1)(a)(cc) van die Strafproseswet (wet 51 van 1977). In hierdie gevalle word die vonnis deur die welsynowerhede geadministreer.

Waar 'n hof gemeenskapsdiens oplê moet hy duidelik wees in die aantal ure gemeenskapsdiens wat opgelê word en ook die tye gemeenskapsdiens wat verrig moet word. Artikel 60 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) bepaal dat:

- die aantal ure gemeenskapsdiens gestipuleer moet word en dat dit nie minder as 16 ure per maand mag wees nie, behalwe indien anders gelas deur die hof,
- die hof, Korrektiewe toesig- en Paroolraad of enige ander liggaam wat die bevoegdheid het om gemeenskapsdiens op te lê, mag spesifiseer waar sodanige diens verrig moet word,
- sodanige bevel mag nie gewysig word sonder dat die aangeleentheid terugverwys word na dié liggaam wat die voorwaarde gestel het nie, en
- 'n Toesigkomitee kan die plek waar die diens gelewer moet word spesifiseer indien hy daartoe gemagtig is deur die liggaam wat die voorwaarde gestel het, maar waar laasgenoemde nie 'n plek gespesifiseer het nie.

Pease (1980 : 26) sê dat die oortreder deeglik ingelig moet word oor die doel van gemeenskapsdiens en wat daarmee bereik wil word. Die oortreder moet ook in detail verduidelik word hoe hierdie voorwaarde nagekom moet word. Die komplikasies by die nie-nakoming van hierdie voorwaarde moet ook duidelik gestel word sodat die oortreder weet wat van hom verwag word.

Die vraag wat gevra kan word is of gemeenskapsdiens as 'n straf gesien kan word? McDonald (1986 : 153) sê in dié verband dat gratis arbeid wat deur 'n hof beveel word en by nie-nakoming kan lei tot gevangenisstraf beslis as 'n straf gesien moet word. "To ask if a two-week unpaid labor is punishing may seem as absurd as asking if water is wet. Many people may actually enjoy working for its own sake, but it is not unreasonable to suspect that being ordered by a criminal court judge to labor at manual tasks for no pay is viewed as a punishment." Gemeenskapsdiens het

ook rehabilitasie as doel, maar daar bly 'n mate van straf by die uitdiening van gemeenskapsdiens.

Gedurende die 1970's en 1980's het gemeenskapsdiens baie gewild geword in verskeie lande. Hierdie opsie kan as 'n strafsanksie opgelê word deur 'n hof of dit kan as 'n voorwaarde gestel word by die uitdiening van korrektiewe toesig. Harding (1987 : 68) sê: "Since its inception, community service has received a positive reaction from the media, the public, and the courts. The reason for this lies partly in its intrinsic value as a sentence and partly in its versatility." In die lande waar gemeenskapsdiens as vonnisopsie gebruik word, word dit ook gesien as 'n goeie plaasvervanger vir gevangenisstraf.

In hierdie ondersoek is gemeenskapsdiens as voorwaarde vir korrektiewe toesig baie belangrik aangesien dit deel vorm van 'n vonnisopsie wat as alternatief vir gevangenisstraf beslis 'n verskil aan oorbevolking kan maak en reeds gemaak het. In dieselfde tyd word arbeidsgewoontes aangeleer, vaardighede verbeter, die gemeenskap vergoed vir die misdadige gedrag wat ge-openbaar is en 'n ligter las op die belastingbetaler aangesien aanhouding in 'n gevangenis baie duurder sou gewees het. Gemeenskapsdiens kan dus oorbevolking verlig terwyl dit rehabilitasie positief beïnvloed.

9.5 **Elektroniese monitering**

Daar is geen sin in voorwaardes stel vir korrektiewe toesiggevalle indien daar nie ook seker gemaak word dat hierdie voorwaardes nagekom word nie. Vir dié doel word moniteringsbeamptes gebruik om toesiggevalle by hulle huise te besoek en ook om besoeke by hul werkplek te bring. Toesiggevalle word ook verplig om by die korrektiewe toesigkantore aan te meld waar daar ook programme vir hulle aangebied word.

Fisiese kontak bestaan dus tussen toesiggevalle en moniteringsbeamptes. Personeeluitgawes maak die grootste deel van die Korrektiewe Dienste begroting uit en mannekrag is nodig om hierdie monitering van toesiggevalle te hanteer. 'n Tweede hoë uitgawe by korrektiewe toesigkantore is vervoeruitgawes. Dit is steeds

goedkoper om 'n korrektiewe toesiggeval te monitorer as om hom in die gevangenis aan te hou. Dit is egter reeds in hierdie ondersoek gesê dat verandering nodig is om in pas te bly met die res van die wêreld.

Die tegnologie het oor die afgelope dekades so verander dat dit ook tot voordeel van Korrektiewe Dienste benut kan word. Om veral op vervoer uitgawes te bespaar is die moontlikheid van elektroniese monitering ondersoek.

McCarthy (1987 : 137) noem dat die idee om elektroniese monitering toe te pas by toesiggevalle die eerste keer deur Dr. Ralph Schitzgebel gedurende 1964 geopper is. In die VSA het elektroniese monitering gedurende 1983 ontstaan en teen 1988 het ongeveer 30 state dit reeds geïmplementeer (Nexus, Oktober 1989 : 5). Gedurende September 1996 het Korrektiewe Dienste 'n loodsprojek in Pretoria begin ten einde vas te stel wat die haalbaarheid van elektroniese monitering in Suid-Afrika sal wees. Nadat die loodsprojek gedurende 1997 afgehandel is, is daar toestemming gegee dat die huidige kantoor (Pretoria) kan voortgaan, juis omdat daar soveel uitgawes aangegaan is om die projek te loods en die toerusting dus gebruik moes word. Al die terugvoer ten opsigte van die loodsprojek is verwerk en daar is voorstelle gemaak oor hoe die stelsel verbeter en uitgebrei kan word. Die finale uitslag van die loodsprojek is aan die Bestuursraad verduidelik waarna dit aan die Portfolio-komitee voorgelê is. Voordat 'n finale besluit geneem kon word oor die implementering van hierdie stelsel, is die voor- en nadele daarvan bestudeer. Voordat daar egter gekyk word na die voor- en nadele is dit belangrik om die toestel wat gebruik sou word van nader te bekyk. Die toesiggeval moet 'n elektroniese apparaat om sy nek, gewrig of enkel dra. Hierdie apparaat is aan 'n rekenaarstelsel gekoppel wat 24-uur observasie verseker. Op dié manier word minder fisiese monitering gedoen terwyl daar steeds goeie beheer en kontrole bestaan ten opsigte van korrektiewe- en parooltoesiggevalle.

Die voor- en nadele van hierdie stelsel kan soos volg gelys word (Nexus, Oktober 1989 : 21);

Voordele:

- * Elektroniese monitering as deel van 'n gemeenskapgebaseerde vonnis is baie goedkoper as aanhouding in 'n gevangenis,

- * verminder die aantal persone in aanhouding sonder dat die veiligheid van die gemeenskap benadeel word,
- * help om aanhoudingsgetalle in oorvol gevangnisse te verlig en sodoende te voorkom dat bv. eerste oortreders en geharde misdadigers saam in 'n gevangenis/eenheid aangehou word,
- * vermy die stigma wat kleef aan 'n oortreder wat gevangenisstraf uitgedien het, en
- * rehabilitasiemoontlikhede word verbeter aangesien die oortreder steeds sy familie kan onderhou en ook sy sosiale bande in stand kan hou.

Vervolgens word die nadele van elektroniese monitering bespreek;

Nadele:

- * om vir elektroniese monitering te kwalifiseer, moet die oortreder 'n huis en 'n telefoon hê. In Suid-Afrika skep dit 'n groot probleem aangesien baie oortreders in plakkerskampe woon of selfs in pype en in die oop veld. Elektroniese monitering sal dus vir 'n groot aantal oortreders nie moontlik wees nie,
- * howe kan elektroniese monitering beveel in gevalle waar minder toesig voorgeskryf sou gewees het indien elektroniese monitering nie beskikbaar was nie. Dit kan 'n oorlading van die stelsel veroorsaak,
- * die impak van elektroniese monitering op die oortreder self en sy familie is nog nie werklik bekend nie en daarom is dit moeilik om te bepaal watter invloed dit werklik sal hê op rehabilitasie en gemeenskapsbeskerming, en
- * die permanente dra van 'n elektroniese toestel om die nek, gewrig of enkel kan ook 'n stigma veroorsaak wat negatief kan inwerk op die herinskakeling in die gemeenskap na vrylating uit die stelsel van korrektiewe toesig.

Johnston, et al. (1970 : 532) sê dat die kans baie skraal is dat 'n oortreder 'n verdere misdaad sal pleeg terwyl hy huisarres onder elektroniese monitering uitdien. Hy

noem verder dat juridiksies waar elektroniese monitering nie gebruik word nie, 'n veel hoër residivisme persentasie het. Hierdie feit word bevestig deur 'n toesiggeval wat tydens die loodsprojek gesê het (Nexus, Januarie 1997 : 25): "Ek hou nie van elektroniese monitering nie. Toe die beamptes my kom besoek het, kon ek nog wegglip om iets te doen, maar met hierdie "ding" om my enkel is daar geen kans nie."

Dit is dus duidelik dat die toestel goed kan werk, maar die vraag moet gevra word of die infrastruktuur vir die spesifieke teikengroep wel in plek is. Minister Ben Skosana (DKD) het tydens 'n media-konferensie op 8 Februarie 1999 (DKD-Intranet) gesê dat sodra finale goedkeuring van die kabinet ontvang word, die tenderproses sal begin. Ook in die Beeld (1 April 1999 : 4) is berig dat 10 000 gevangenes gaan baatvind by elektroniese monitering en sodoende die oorbevolking van gevangenis verlig. Volgens die berig sal artikel 276(1)(i) gevalle (wie se gevangenisstraf omskep kan word in korrektiewe toesig) veral baat vind by hierdie nuwe manier van monitering waar huisarres as voorwaarde gestel word.

Op 10 Oktober 2000 het Kommissaris Mti (DKD) aan die Portfolio-komitee gesê dat hy nie weet hoekom die proses om voort te gaan met die implementering van elektroniese monitering gestop is nie. Volgens hom is daar wel weggedoen met die idee van gebruikmaking van telefone om elektroniese monitering te bedryf aangesien nie almal telefone in hul huise het nie. Verskeie ander opsies is wel in proses en firma's doen voorleggings aan Korrektiewe Dienste in dié verband (www.pmg.org.za).

Twee verdere opsies wat ondersoek is, is die GSM-stelsel wat deur middel van selfone bedryf kan word en ook 'n sateliet-stelsel wat enige plek aangewend kan word. Die enigste probleem met hierdie stelsels is dat dit baie duur sal wees om te installeer en in stand te hou.

Me Jenny Schreiner (DKD) het die staking van die proses soos volg beskryf (www.pmg.org.za): "There was a problem with the tendering process as this did not comply with Public Private Partnership process and essentially was placed on hold." Me Schreiner het ook verder genoem dat daar 'n her-evaluering van elektroniese monitering was en dat slegs 26% van stedelike area's en 19% van landelike area's

effektief gemoniteer kan word. By navraag by die kantoor van die inspekterende Regter het Mnr. Gideon Morris die navorser meegedeel dat elektroniese monitering weer eens getoets word in Johannesburg om dit te gebruik vir verhoorafwagende gevangenes wat vrygelaat word onder korrektiewe toesig.

Uit 'n onderhoud met Mnr. Neil Fourie van die Drakenstein Korrektiewe Toesigkantoor het dit aan die lig gekom dat die nuutste verwickelinge rondom elektroniese monitering, die privatisering van hierdie stelsel behels. Korrektiewe Dienste win tenders in om elektroniese monitering deur 'n privaat maatskappy te laat bedryf ten einde steeds hierdie opsie optimaal te benut. Hierdeur sal nie net geld bespaar word nie, maar meer Korrektiewe Dienste lede sal beskikbaar wees om in die oorvol gevangnisse te gaan werk ten einde die lid/gevangene ratio te verbeter wat weer beter aanhoudingsomstandighede tot gevolg kan hê. Effektiewe gemeenskapgebaseerde vonnisse kan oorbevolking verlig en meer lede binne die gevangenis kan rehabilitasiemoontlikhede verhoog en indien elektroniese monitering hiertoe kan bydra, moet dit beslis gebruik word.

9.6 **Vrylating van Gevonniste gevangenes**

Enige land se vrylatingsbeleid het 'n direkte invloed op oorbevolking in so 'n land se gevangnisse. In hierdie afdeling gaan kortliks gekyk word na die vrylatingsbeleid in ander lande en daarna na die vrylatingsbeleid binne die Suid-Afrikaanse Korrektiewe Dienste. Daar word veral gefokus op die nuwe vrylatingsbeleid wat op 1 Oktober 2004 in werking getree het. By hierdie nuwe vrylatingsbeleid word die howe, Korrektiewe Dienste en die gemeenskap betrek. Dit is veral vrylating op parool wat in sekere opsigte gewysig word en die paroolraad (nou die Korrektiewe Toesig- en Paroolraad), die Inrigtingskomitee (nou die Gevallebestuurskomitee) en Gemeenskapskorreksies (nou Nasorg) gaan baie nouer saamwerk om te verseker dat parolee's op die korrekte wyse aanbeveel, parool goedgekeur en nasorg plaasvind ten einde residivisme te bekamp. Die samestelling en funksies van die nuwe Korrektiewe Toesig- en Paroolraad het aansienlik gewysig en dit sal in detail

bespreek word ten einde die invloed wat dit sal hê op oorbevolking sowel as rehabilitasie van oortreders te bepaal.

9.6.1 Vrylatingsbeleid in ander lande

Die vrylating van gevonniste gevangenes het 'n groot invloed op die aantal gevangenes in aanhouding aangesien dit die lengte van aanhouding bepaal en dus ook die oorbevolking van 'n gevangenis kan beïnvloed. Voordat die huidige en nuwe vrylatingsbeleid in Suid-Afrika bespreek word, word daar kortliks gekyk na enkele stelsels in ander lande;

Verenigde State van Amerika

In die VSA is onvoorwaardelike vrylating ook bereken op die maksimum termyn wat uitgedien kan word (volle vonnistydperk). Paroolvrylating het geskied onder verpligte toesig. Hierdie klemverskuiwing het reeds gedurende die 1980's plaasgevind. In sommige state in die VSA het gevangenes 'n derde afslag van vonnis gekry en in ander state kon hulle onder verpligte toesig geplaas word na voltooiing van die helfte van hul vonnis. Die rede vir afslag van vonnis was (Neser, 1993 : 447):

- dit lewer 'n bydra tot die handhawing van dissipline in inrigtings, en
- dit is 'n meganisme om gevangenesgetalle te beheer.

Ten opsigte van parooltoekenning het die VSA ook 'n gevangene se paroolvrylatingsdatum so gou as vier maande na opname bepaal en dit aan hom bekend gemaak. Dit is gedoen om ongeordende diskresie in paroolbesluitneming te bekamp. In die VSA is die vraag gevra of 'n uitvoerende gesag die regte liggaam is om die lengte van aanhouding te bepaal? Die uitvoerende gesag is veronderstel om die opdrag per lasbrief uit te voer. Die redenasie was dat die vonnisoplegger eerder die lengte van aanhouding moet bepaal.

Met die “Comprehensive Crime Control Act” van 1984 het die Kongres ’n federale vonnis-kommissie aangestel om ’n skema te ontwikkel wat die gebruik van verpligte toesig na vrylating sou uitbrei ten koste van diskresionêre parool. Dié kommissie se riglyne is op 1 November 1987 ingestel met die vooruitsig dat die paroolkommissie wat federale paroolvrylatings beheer, sou ontbind (Neser, 1993 : 448).

Johnston, et al (1970 : 527) wys op die verskil wat bestaan tussen korrektiewe toesig en parool. Daar ontstaan soms verwarring tussen hierdie twee konsepte aangesien ’n gevangene op parool vrygelaat word, maar ook onder toesig. Korrektiewe toesig is ’n strafvorm (’n alternatief vir gevangenisstraf) terwyl parool ’n vrylatingsmeganisme is om ’n gevonniste gevangene vroeër uit die gevangenis vry te laat. Parooltoesig is die voorwaardes waaronder die parooltydperk uitgedien word.

Die mikpunt van Korrektiewe toesig in Suid-Afrika moet wees soos die geval in die VSA is. Eldefonso (1974 : 28) sê: “Although as we have said, four-fifths of the correctional budget is spend and nine-tenths of correctional employees work in penal institutions, only one-third of all offenders are confined in them; the remaining two-thirds are under supervision in the community.” Tans is daar 187 903 gevangenes in aanhouding terwyl daar ongeveer 75 000 gevalle onder korrektiewe- en parooltoesig in Suid-Afrika is (30 April 2004).

Brittanje

Gedurende die 1960’s is ’n paroolstelsel gebruik waar gevangenes vir parool in aanmerking gekom het na voltooiing van een jaar of een derde van die vonnis (welke periode die langste mag wees). Die paroolbesluitnemingsproses het baie tyd in beslag geneem aangesien dit deur vier fases moes beweeg (Nexus, Oktober 1985 : 23). Die Inrigtingskomitee het die gevangene gespreek en deur al sy dokumentasie gewerk en dan ’n aanbeveling gemaak na die hoofkantoor van Binnelandse Sake. Vandaar is ’n verdere aanbeveling gemaak na die Paroolraad wat uit 20 persone bestaan het. Op hierdie raad het regters, psigiaters, ’n afgetrede polisie offisier en ander spesialiste in maatskaplike werk en kriminologie gedien. Hierdie raad funksioneer volgens ’n paneelstelsel en hulle aanbevelings word weer na die

Sekretaris van Binnelandse Sake verwys vir 'n finale besluit. Die grootste kritiek oor hierdie stelsel was die lang tydsverloop verbonde aan die besluitneming.

In 1987 is die Carlisle-komitee saamgestel om afslag van vonnis en parool te ondersoek nadat ernstige kritiek in Engeland en Wallis ontstaan het ten opsigte van die vroeë vrylating wat afslag van vonnis en parool veroorsaak het (Neser, 1993 : 439). Uit hierdie ondersoek is 'n witskrif, "Crime, Justice and Protecting the Public" in 1990 daargestel. In hierdie witskrif is die doel van paroolvrylating soos volg saamgevat;

- beskerming van die gemeenskap (toesig oor geparoleerdes),
- voorkoming van residivisme,
- suksesvolle gemeenskapinskakeling van gevangenes, en
- om die periode wat die gevangene werklik in gevangenskap deurbring, in pas te bring met die lengte van vonnis.

In Skotland het alle gevangenes gekwalifiseer vir een derde afslag van vonnis. Nadat 'n derde van hul vonnis of 'n minimum van 12 maande uitgedien is, kon hulle op parool vrygelaat word, maar onder toesig. Die derde afslag van vonnis kon ook verbeur word indien tugoortredings in die gevangenis begaan is.

In Noord-Ierland is paroolvrylating gedurende die 1980's afgeskaf en 'n helfte afslag van vonnis aan alle gevangenes gegee. Dit is gedoen as gevolg van sosio-politieke omstandighede wat gedurende die 1980's in Noord-Ierland geheers het.

Australië

In Australië word parool as 'n voorreg gesien wat nie outomaties toegeken kan word nie. Howe moet by vonnisoplegging aandui of die vonnis 'n paroolkomponent bevat of nie (Neser, 1993 : 438). Ten opsigte van onbepaalde vonnisse kan die vonnisoplegger 'n minimum en maksimum aanhoudingsperiode neerlê. So 'n gevangene kan nie op parool vrygelaat word alvorens hy nie sy minimum aanhoudingstydperk bereik het nie. In Queensland word gevangenes oorweeg vir

vrylating op parool na die helfte van hulle vonnisse en in Tasmanië na twee-derdes van die termyn van gevangenisstraf. Vonnisse van vyf jaar en langer weens 'n geweldsmisdaad dra geen paroolkomponent nie.

9.6.2 **Vorige Vrylatingsbeleid in Suid-Afrika**

Hierdie afdeling het 'n direkte invloed op oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenis. Vroeër in hierdie ondersoek het die navorser reeds voorgestel dat ongevonniste en gevonniste gevangenes wat nie werklik binne die gevangenis hoort nie, onder alternatiewe metodes hanteer word. Ongelukkig is dit so dat te veel gevangenes steeds tot gevangenisstraf gevonniss word en daarom speel hierdie aanhoudingsperiodes 'n deurslaggewende rol by die oorbevolkingsprobleem in Suid-Afrika. Gedurende 1992 het regters, die Vereniging van Prokureursordes en die N.G. Kerk beswaar aangeteken teen die vrylatingsbeleid van Korrektiewe Dienste. Die uitgangspunt was dat die hof alle aspekte reeds in ag geneem het toe 'n gepaste vonnis opgelê is. Die vraag word nou gevra, wie is Korrektiewe Dienste om hierdie tydperk van aanhouding te wysig deur middel van 'n vrylatingsbeleid waarby die vonnisoplegger nie 'n inspraak het nie. Daar word gesê dat vonnisopleggers langer vonnisse oplê as wat regtig nodig is, net om op te maak vir die vroeë vrylating op parool.

'n Aspek wat egter nie uit die oog verloor moet word nie is die oogmerke van straf. Indien vergelding die enigste oogmerk van straf is, sou vroeë vrylating op parool 'n groot probleem gewees het. Rehabilitasie en misdaadvoorkoming is ook oogmerke van straf en daarom is daar geen sprake van herinskakeling in die gemeenskap indien 'n gevangenishek na 15 jaar oopgesluit word en aan die gevangene gesê word, "jy is vry om te gaan nie." Dit moet duidelik verstaan word dat vrylating op parool geensins die einde van die vonnis beteken nie. Streng parooltoesigvoorwaardes geld steeds, die gevangene word slegs die kans gebied om die laaste gedeelte van sy vonnis in die gemeenskap uit te dien.

Voorheen was afslag van vonnis, paroolvrylating, dagprarool (in 'n mindere mate) en korrektiewe toesig die kernaspekte van die vrylatingsbeleid binne Korrektiewe

Dienste. Afslag van vonnis was gegee en paroolvrylating het die einde van 'n vonnis beteken vir alle praktiese doeleindes. Hierdie twee aspekte is egter gedurende 1993 vervang met afslagkrediete wat verdien moes word en paroolvrylating onder toesig van 'n parooltoesigbeampte.

'n Aspek wat baie meer aandag kan geniet is die dagparoolstelsel. Gevangenes wat hulle paroolvrylatingsdatum nader kan op dagparool vrygelaat word om in die gemeenskap te gaan werk. Hierdie stelsel is spesifiek ontwerp om gevangenes makliker te laat aanpas in die gemeenskap na vrylating uit die gevangenis. Terwyl op dagparool is die toesig baie beter as tydens parool. Die gevangene word elke oggend en aand gesien en ook deur beamptes besoek gedurende die dag. Die gevangene kry die geleentheid om werk te soek en ook verblyf en dus word steunstelsels in plek gekry nog voor die gevangene op parool vrygelaat word. Die aanhouding van hierdie kategorie gevangenes is ook heelwat goedkoper as aanhouding in 'n gevangenis vir 'n hele dag. Tydens 'n opleidingsessie vir die nuwe Paroolrade het Mnr. Wikus Gresse, waarnemende Voorsitter van die Paroolraad Pollsmoor (waar 'n dagparoolsentrum is) gesê dat 'n gevangene wat vir 12 jaar in die gevangenis was en op dagparool vrygelaat is, aan hom gesê het dat hy dit nie buitekant sal maak nie. Dinge het so verander en soveel aanpassings sal gemaak moet word om weer deel van 'n gemeenskap te wees wat die gevangene op hierdie stadium nie ken nie. Mnr. Gresse noem dat dagparool 'n goeie opsie vir hierdie gevangene was aangesien hy bedags kon uitgaan in die "vreemde", maar geweet het dat hy vanmiddag kan terugkeer na dit wat hy lank reeds ken. Op die manier kon hy stelselmatig aanpas in die gemeenskap en uiteindelik 'n sukses van sy parooltydperk maak. Dagparool kan dus help om residivisme te verminder en ook die verbreking van paroolvoorwaardes help bekamp.

Dr. Dawie Swart (Nexus, Augustus 1994 : 18) sê dat 'n gebrek aan 'n bevredigende ondersteuningshulpdiens na vrylating een van die belangrikste faktore is waarom suksesvolle herinskakeling nie altyd kan realiseer nie. Hy sê verder dat die Staat, die gemeenskap en die vrygelate oortreder saam hulle onderskeie samewerking moet gee om positiewe herinskakeling te verseker.

Die gemeenskap se inset ten opsigte van die vrylating van gevangenes is baie belangrik aangesien die gevangene na vrylating in hierdie gemeenskap opgeneem sal word. Die “Human Sciences Research Council” het gedurende 1993 navorsing gedoen oor hoe die gemeenskap voel oor besluite wat die vrylating van gevangenes raak (Acta Criminologica, Volume 7, nommer 2, 1994 : 74). Bykans 40% van die respondente was van mening dat die aard van die oortreding ’n deurslaggewende rol moet speel by die besluitneming oor paroolvrylating. Uit hierdie navorsing is dit duidelik dat die gemeenskap beskerm wil word teen misdadigers. As geringe oortredings gepleeg word, is die gemeenskap meer toegeeflik ten opsigte van vroeë vrylating as wat ’n ernstige oortreding gepleeg is waarteen die gemeenskap beskerm moet word.

In Suid-Afrika het dus ’n behoefte ontstaan om te gaan kyk na ’n nuwe vrylatingsbeleid vir Korrektiewe Dienste. Gedurende 1995 het die Kriegler-kommissie reeds sekere aspekte verwys na die Nasionale Adviesraad oor Korrektiewe Dienste (NAROK). Die volgende aspekte was hier van toepassing;

- of die paroolstelsel behoue moet bly,
- die wenslikheid van ’n kredietstelsel waarvolgens ’n gevangene vroeër vir uitplasing op parool oorweeg kan word,
- die hersiening van die prosedures by oorweging van uitplasing op parool en die verbeterde samestelling van paroolrade,
- die bedoeling en toepassing van lewenslange gevangenisstraf, en
- dissipline in gevangenis.

Hierdie voorgestelde wysigings het die besef laat ontstaan dat dit tyd geword het vir ’n nuwe vrylatingsbeleid wat in lyn sal wees met die huidige wette en regulasies sowel as die spesifieke omstandighede waarin Suid-Afrika hom tans bevind. Daar kan beslis nie weggedoen word met die paroolstelsel nie. ’n Gevangene kan onder geen omstandighede “skielik” vrygelaat word, sonder enige nasorg en dan verwag dat hy positief sal aanpas in die gemeenskap nie.

Waarmee wel weggedoen kan word, is die kredietstelsel. Hier stem NAROK en die Kriegler-kommissie saam dat die kredietstelsel onsuksesvol is. Met die toekenning van krediete ontvang die gevangene nie regtig 'n voordeel nie, maar slegs die vooruitsig van 'n voordeel. Besluitneming oor paroolvrylating is kompleks en 'n aantal krediete alleen kan beslis nie bepaal of 'n gevangene vroeër vrygelaat kan word al dan nie.

'n Verdere voorstel van die Kriegler-kommissie is dat alle gevonniste gevangenes ten minste die helfte van hul vonnisse moet uitdien alvorens parool oorweeg kan word. Daar bestaan tog geen reg om op parool vrygelaat te word nie. Elke gevangene het egter die reg om oorweeg te word vir parool.

Wanneer daar gekyk word na 'n nuwe vrylatingsbeleid, is dit ook baie belangrik om te gaan kyk na die liggaam wat paroolvrylating reël binne Korrektiewe Dienste. Hierdie liggaam staan tans bekend as die Paroolraad en bestaan uit slegs Korrektiewe Dienste lede. 'n Gevangene is 'n persoon wat uit die gemeenskap kom, deur die Polisie arrester is, deur 'n hof skuldig bevind en gevonnissen is, deur Korrektiewe Dienste aangehou is en weer in die gemeenskap vrygelaat word. Die vraag is egter nou, kan Korrektiewe Dienste alleen besluit oor paroolvrylating? Moet die gemeenskap, die Polisie en Justisie nie dalk ook 'n sê hê in die besluitneming van paroolvrylating nie? Een van die verdere voorstelle is dan juis om die gemeenskap en ander organisasies te betrek by Paroolraadsittings.

Om 'n nuwe vrylatingsbeleid vir Korrektiewe Dienste daar te stel sal beteken dat wette, regulasies en orders gewysig moet word. Die samestelling van Paroolrade en die infrastruktuur van Gemeenskapskorreksies sal aangepas moet word. Dit is dus duidelik dat hierdie veranderings nie oor nag sal kan plaasvind nie en dat Korrektiewe Dienste homself sal moet rat om 'n doeltreffende oorgangsfase daar te stel. Vervolgens word gekyk na die wetlike aspekte sowel as die praktiese inwerkingstelling van 'n nuwe vrylatingsbeleid vir die Suid-Afrikaanse Korrektiewe Dienste.

9.6.3 Die nuwe Vrylatingsbeleid in Suid-Afrika

Voorheen het gevangenes strafvermindering ontvang (vir eerste oortreders en ¼ vir oortreders met vorige veroordelings). Hierdie stelsel is verander en krediete (vir goeie gedrag) is aan gevangenes toegeken om sodoende gouer by die Paroolraad uit te kom. In die nuwe vrylatingsbeleid is beide hierdie konsepte laat vaar.


Binne die nuwe beleid neem die Gevallebestuurskomitee (ou inrigtingskomitee) die funksie van die huidige paroolraad oor deur aanbevelings te maak oor vrylating van gevangenes en die nuwe Korrektiewe toesig- en Paroolraad neem die finale besluit oor die goedkeuring/afkeuring van paroolvrylating.

Die hof het ook 'n sê in vasstelling van minimum aanhoudingstydperke aangesien hulle 'n nie-parooltydperk kan vasstel by vonnisoplegging en die gevangene kan nie voor die verstryking van dié nie-parool gedeelte vir parool oorweeg word nie. Die gemeenskap het ook 'n sê aangesien die Voorsitter en twee addisionele lede van die nuwe Korrektiewe toesig- en Paroolraad (KTPR) uit die gemeenskap sal kom.

Wanneer die wetlike aspekte rondom die nuwe vrylatingsbeleid bekyk word, is dit duidelik dat die proklamasiedatum van die artikels van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998), wat verband hou met die vrylatingsbeleid en die samestelling van die nuwe KTPR, 'n invloed sal hê op die berekening van die minimum aanhoudingstydperke. Alle aanduidings is dat die nuwe beleid op 1 Oktober 2004 in werking sal tree (Korrektiewe Dienste skrywe 1/9/B gedateer 18 Augustus 2004). Dit sal meebring dat gevangenes gevonniss tot en met 30 September 2004 steeds hanteer sal word op die beleid soos voorgeskryf in Wet 8 van 1959. Gevangenes gevonniss op 1 Oktober 2004 en daarna sal hanteer word volgens Artikel 73 tot 82 van Wet 111 van 1998. Hoofstuk VII van bogenoemde Wet handel oor die plasing van gevangenes onder korrektiewe toesig, dagparool en parool. Korrektiewe Dienste is wetlik verantwoordelik vir die implementering van 'n vrylatingsbeleid waarby gevangenes vanuit 'n korrektiewe sentrum teruggeplaas word in die gemeenskap. Hierdie gevangenes moet 'n positiewe prognose hê voordat vrylating of omskepping van vonnis oorweeg kan word. Die gevangene se reaksie op ontwikkeling en deelname aan programme, terwyl in aanhouding, sal 'n

deurslaggewende rol speel by die oorweging van vrylating uit 'n korrektiewe sentrum.

Artikel 73 tot 82 en 117(e) van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) reël die funksies van die nuwe KTPR en word as bylaag 11 aangeheg in hierdie ondersoek. Figuur 42 toon die samestelling van die nuwe KTPR:



FIGUUR 42: Samestelling van die nuwe Korrektiewe toesig- en Paroolraad

Ook vir die Gevallebestuurskomitee is die nuwe vrylatingsbeleid 'n omwenteling aangesien hulle die funksies van die huidige Paroolraad oorneem en dus bo en behalwe hul halfjaarlikse sittings ook gevangenes wat kwalifiseer vir uitplasing sal moet sien en alle relevante dokumentasie gereed moet kry om 'n aanbeveling te doen

na die KTPR. Die KTPR het nou nie meer slegs 'n aanbevelingsfunksie nie, maar moet self besluite neem oor plasing op korrektiewe toesig, dagparool en parool. Die samestelling van die KTPR verander heeltemal en dit beteken ook nuwe persone wat sitting sal hê op hierdie raad. Ook vir korrektiewe toesig is daar verskeie veranderings betreffende die nuwe vrylatingsbeleid. Toesiggevalle word nou vir slegs 48 uur toegesluit in sekere omstandighede waar dit voorheen 72 uur gewees het. Die vorige klassifikasie van toesiggevalle in minimum, medium en maksimum kategorieë word ook gewysig na vyf (5) fases ten opsigte van kwalifisering, monitering en huisdetensie wat deur die KTPR bepaal moet word in gevalle wat op korrektiewe toesig en parool uitgeplaas word. Die nuwe vrylatingsbeleid maak ook voorsiening vir gemeenskapsdiens ten opsigte van parolee's. Die KTPR kan dus gemeenskapsdiens as paroolvoorwaarde stel.

Wanneer daar gekyk word na die funksies, verantwoordelikhede en die samestelling van die KTPR is dit baie belangrik dat die regte persone aangestel word om hierdie oorgangsfase van gevangesetting na 'n lewe in die gemeenskap doeltreffend te bestuur. Die gelyktydige bestuur van oorbevolkingsprobleme aan die een kant en gemeenskapsbeskerming en rehabilitasie aan die ander kant, is 'n balans wat gehandhaaf moet word deur 'n span deskundiges op die gebied van korreksies.

Minister Balfour (DKD) sê pertinent in SA Corrections Today (Augustus/September 2004 : 5) dat die korrekte kaliber gemeenskaplid gekies moet word om op die KTPR te dien. Hierdie mense verteenwoordig die gemeenskap en moet self 'n voorbeeld vir ander wees. Die Korrektiewe Dienste lede behoort ook geskiktelik geplaas te wees volgens 'n persoonlike profiel wat ondervinding en kwalifikasies in hierdie spesifieke veld as vereiste stel.

Uitplasing op korrektiewe toesig, dagparool en parool beteken 'n oorgangsfase van aanhouding in 'n gevangenis na 'n alternatief vir gevangenisstraf. Die Standaard Minimum Reëls (VN), reël 60(2) bepaal dan ook dat: "Before the completion of the sentence, it is desirable that the necessary steps be taken to ensure for the prisoner, a gradual return to life in society. This aim may be achieved, depending on the case, by a pre-release regime organized in the same institution or another appropriate

institution, or by release on trial under some kind of supervision which must not be entrusted to the police, but should be combined with effective social aid.”

Die Witskrif vir Korrektiewe Dienste (2005) beskryf die KTPR as 'n liggaam wat besluite moet neem nadat multi-dissiplinêre verslae vanaf die Gevallebestuurskomitee verkry is. Die Witskrif waarsku ook dat enige liggaam wat 'n besluitnemingsfunksie het, kwesbaar sal wees vir korrupsie en daarom sal Korrektiewe Dienste stappe moet neem om ongewenste invloed, wangedrag en korrupsie die hoof te bied. Die besluite wat deur die KTPR geneem word moet ook voldoen aan die vereistes van die Administratiewe Reg en daarom sal oneerlikheid op dié gebied 'n oortreding wees.

Een aspek wat baie belangrik is vir die navorser ten opsigte van die nuwe vrylatingsbeleid, is foutiewe vrylatings. Dit het 'n groot verleentheidspotensiaal vir Korrektiewe Dienste en daarom is dit uiters belangrik dat die Beskikkingskantoor waar opname in die gevangenis geskied, die Gevallebestuurskomitee sowel as die KTPR baie seker sal wees van die berekening van ontslagdatums. 'n KTPR kan volgens voorskrif 'n gevangene uitplaas op korrektiewe toesig of parool, maar 'n foutiewe datum gebruik vir uitplasing. 'n Gevangene wat te vroeg vrygelaat word en bv. weer misdadig pleeg kan groot probleme veroorsaak vir Korrektiewe Dienste en gevangenes wat te lank aangehou word, kan groot eise teen Korrektiewe Dienste instel. Goeie opleiding aan alle rolspelers is uiters belangrik.

Die gerekenardiseerde Opname en Vrylatingstelsel werk self ontslagdatums uit, maar in sekere tegniese gevalle kan daar tog verskille wees. Indien 'n gevangene gevonnissen is tot verskeie termyne van gevangenisstraf, moet hy dit in die volgende volgorde uitdien:

- Eerstens, enige vonnis of vonnisse ten opsigte waarvan geen nie-parooltydperk vasgestel is nie,
- Tweedens, die nie-parooltydperk of 25 jaar, en

- Derdens, die balans van die vonnis(se) na verstryking van die nie-parooltydperk.

In gevalle waar spesiale afslag van vonnis toegestaan is, kan dit van die maksimum aanhoudingsdatum afgetrek word, maar dit mag onder geen omstandighede veroorsaak dat 'n gevangene minder as die voorgeskrewe nie-parooltydperk of die helfte van sy oorspronklike vonnis uitdien alvorens hy vir uitplasing oorweeg word nie.

Slegs amnestie wat deur die Staatspresident toegestaan word, kan van die effektiewe vonnis afgetrek word, al beteken dit dat die minimum aanhoudingsdatum ook vervroeg.

Die volgende voorbeeld kan gebruik word om 'n minimumaanhoudingsdatum sowel as die vonnisverstrykingsdatum te bereken (1 Oktober 2004 word aanvaar vir implementering van die nuwe vrylatingsbeleid);

Datum van Vonnis	Oortreding	Vonnis
2003/06/18 (Lasbrief 1)	Diefstal	18 maande Gevangenisstraf
2003/10/31 (Lasbrief 2)	Diefstal	5 jaar gevangenisstraf
2004/10/02 (Lasbrief 3)	Huisbraak en diefstal	3 jaar gevangenisstraf waarvan 2 jaar 'n nie- parool periode is
2004/10/15 (Lasbrief 4)	Bedrog	2 jaar gevangenisstraf

TABEL 24: Vonnisse opgelê voor en na implementering van die nuwe vrylatingsbeleid

Die volledige berekening van bogenoemde geval se ontslagdatums word hieronder aangetoon. Drie (3) maande spesiale afslag van vonnis is ook toegeken vir die uitwys van 'n mes wat by visentering in 'n sel gevind is:

Minimum Aanhoudingsdatum:

03/06/18	
<u>- 00/00/01</u>	(laat een dag val)
03/06/17	
<u>+00/06/00</u>	(van lasbrief no. 1 – vorige beleid)
03/12/17	
<u>+01/08/00</u>	(van lasbrief no. 2 – vorige beleid)
05/08/17	
<u>+02/00/00</u>	(nie-parooltydperk – nuwe beleid)
07/08/17	
<u>+01/00/00</u>	(½ van lasbrief no. 4 – nuwe beleid)
08/08/17	Minimum aanhoudingsdatum
08/08/17	Minimum aanhoudingsdatum
<u>+01/00/00</u>	(oorblywende gedeelte van lasbrief no.1)
09/08/17	
<u>+03/04/00</u>	(oorblywende gedeelte van lasbrief no. 2)
12/12/17	
<u>+01/00/00</u>	(oorblywende gedeelte van lasbrief no. 3)
13/12/17	
<u>+01/00/00</u>	(oorblywende gedeelte van lasbrief no. 4)
14/12/17	Maksimum vrylatingsdatum
<u>- 00/03/00</u>	(spesiale afslag van vonnis)
14/09/17	Vonnisverstrykingsdatum

Die vroegste wat oorweging geskenk kan word vir uitplasing op parool, sal dus 2008/08/18 wees (een dag na die minimum aanhoudingsdatum). Hierdie datum is nie die datum waarop die gevangene uitgeplaas moet word nie, dit is slegs die vroegste datum waarop oorweging geskenk kan word oor moontlike uitplasing. Swak gedrag/dissipline binne die gevangenis kan veroorsaak dat die paroolvrylatingsdatum enige datum tussen die minimum aanhoudingsdatum en die vonnisverstrykingsdatum kan wees. Dit kan ook gebeur dat geen parool toegestaan word nie en dan sal die gevangene op sy vonnisverstrykingsdatum onvoorwaardelik vrygelaat word.

Die nuwe vrylatingsbeleid is heelwat strenger as die huidige beleid en die gemeenskap, polisie en vonnisopleggers is baie positief hieroor aangesien Korrektiewe Dienste se vorige vrylatingsbeleid baie gekritiseer is omrede vonnislengtes wat in 'n hof bepaal is, deur Korrektiewe Dienste verkort word en sodoende die integriteit van die hof in twyfel getrek het.

Die enigste nadeel van die nuwe beleid vir Korrektiewe Dienste is die oorbevolkingsprobleem wat vererger gaan word aangesien langer aanhoudingstydperke ter sprake gaan wees. Die navorser is steeds van mening dat Korrektiewe Dienste alles in sy vermoë moet doen om toe te sien dat alternatiewe vonnisse gebruik word. Slegs die persone wat dan werklik in die gevangenis hoort sal daar aangehou word en staan onder die nuwe vrylatingsbeleid.

9.7 Halfweghuise

Wanneer redes gesoek word vir oorbevolking van gevangnisse is daar soveel aspekte wat na vore kom, maar die twee hoofredes bly elke keer teenwoordig. Eerstens word te veel mense na die gevangenis verwys vir die uitdiening van vonnisse. Tweedens is daar te veel mense in aanhouding wat reeds ontslaan kon gewees het. Die laaste aspek geld vir ongevonniste sowel as gevonniste gevangenes. Oorbevolking kan dus baie verlig word deur die regte probleme aan te spreek.

Die navorser het gedurende September 2004 vir een week saam met die huidige Paroolraad van Worcester gewerk en sittings bygewoon waar tien uit nege-en-vyftig gevalle nie 'n adres gehad het waarheen hulle kon gaan na vrylating op parool nie. In die landelike gebiede gebeur dit dat 'n persoon oortree op 'n plaas en dat die boer hierdie persoon nie weer op sy plaas wil toelaat nie aangesien hy een keer moeilikheid gemaak het en nie 'n tweede kans gegun word nie. Sonder steunstelsels wat in plek is, is daar geen manier hoe vrylating op parool goedgekeur kan word deur enige Paroolraad nie.

Hierdie kategorie gevangenes kwalifiseer in alle ander opsigte vir uitplasing op parool, maar bly in die gevangenis en dra so by tot die huidige oorbevolkingsprobleem wat in Suid-Afrikaanse gevangenis ondervind word.

Reël 60(2) van die VN se Standaard Minimum Reëls bepaal dat daar 'n oorgangsfase geskep moet word tussen die gevangenis en die gemeenskap waarin die oortreder uitgeplaas word. Robert Trojanowicz (1973 : 269) sê in die verband dat: "The main idea behind the halfway house concept is that it should help bridge the gap between the confinement of the institution and the total freedom of the community."

Daar is soveel gevangenes vandag in aanhouding wat voorskriftelik of andersins nie heeltemal reg is vir vrylating in die gemeenskap nie, maar beslis ook nie aanhouding in 'n oorvol gevangenis regverdig nie. In sulke gevalle kan die konsep van halfweghuise in Suid-Afrika baie goed werk. Die werking van hierdie halfweghuise kan op 'n ander manier bedryf word as gedurende die vroeë 1900's in die VSA. 'n Gevangene wat geparoleer word, kan slegs onder toesig van 'n parooltoesigbeampte geplaas word. 'n Halfweghuis sal dus slegs 'n positiewe adres aan hom besorg en hy kan steeds onder die normale paroolvoorwaardes vrygelaat word uit die gevangenis. Hierdie halfweghuis kan deur privaat instansies daargestel en onderhou word. Korrektiewe Dienste behoort geen sê te hê in so 'n projek nie. Die oortreder wat daarheen verwys word, sou in elk geval op parool vrygelaat word indien hy 'n vaste adres gehad het om na te gaan na vrylating. Die Korrektiewe Toesigkantoor kan steeds die monitering en aanbied van programme hanteer terwyl die halfweghuis 'n tuiste bied waar werk gedoen kan word om selfonderhoudend te wees of om arbeid te voorsien aan die instansies wat hierdie halfweghuis in stand hou.

Wanneer oorweging geskenk word aan die daarstelling van 'n Halfweghuis, moet die volgende aspekte in gedagte gehou word (Trojanowicz 1973 : 270);

- Personeel : dit is baie belangrik om van goed opgeleide personeel gebruik te maak by die bedryf van 'n Halfweghuis. Kennis van menslike gedrag sal handig te pas kom veral by persone wat moeilik aanpas in die gemeenskap,
- Omgewing : die oprigting van 'n halfweghuis moet so beplan word waar dat dit nie die omgewing rondom die huis negatief halfweghuise beïnvloed nie aangesien wrywing tussen inwoners van opgerig word die gemeenskap en dié van die halfweghuis nie wenslik sal wees nie, en
- Ekonomiese voordeel : aanhouding in 'n gevangenis is baie duurder as verblyf in 'n halfweghuis. Dit sal ook minder mannekrag tot gevolg hê vir Korrektiewe Dienste wat weer eens 'n besparing vir die belastingbetaler sal beteken.

Korrektiewe Dienste moet beslis gaan kyk na die moontlikheid om 'n "Suid-Afrikaanse Halfweghuis" daar te stel wat 'n oorgang van gevangenis na gemeenskap sal verbeter. Al is dit nie Korrektiewe Dienste wat hierdie konsep gaan bestuur nie, moet die inisiatief aan die dag gelê word om oorbevolking te bekamp, maar ook om op te tree tot voordeel van die oortreder en die gemeenskap deur rehabilitasie en misdadvoorkoming te bewerkstellig. Die halfweghuis konsep kan met groot vrug in Suid-Afrika aangewend word.